

REEKS: 7C's...

KLEINGROEP ONTMOETING 2

#2C = Christ-centered



A: KOFFIE

Elkeen kry 'n koppie koffie in die hand – deel met mekaar hoe julle dag/week was.

B: GEBED

Iemand wat bereid is, kan met 'n kort gebed open.



C: VIDEO-GREEP

Kyk saam na die volgende 2 min video:

<https://www.youtube.com/watch?v=jKTOpxInVSM>

D: WANDEL IN DIE WOORD

Vra iemand om die volgende te lees:

Teks gedeelte: Hebreërs 12:1-3

¹Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, ²die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. ³Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.

Nog teksgedeeltes:

Mat 26:63-64; Hand 2:36; Joh 4:25-26; Heb 1:3, Heb:10:22-23, Heb 13:15-16



E: GESELS SAAM

Maak beurte in die groep om oor 1 of meer van die volgende te gesels:

1. Wie is die belangrikste in jou lewe?
2. Waaraan spandeer jy die meeste tyd en energie? Wat maak jou moeg?
3. Wat beteken dit prakties (elke dag) as Christus sentraal in jou lewe is?
4. Wat sal jou help om nie geestelik moeg te word nie?
5. Wat moet jy ophou doen / begin doen / aanhou doen om Christus sigbaar vir ander te maak?

F: UITDAGING VIR DIE WEEK

Groep besluit self op 'n aktiwiteit om hierdie week se boodskap prakties uit te leef. Maak Christus weer die middelpunt van jou lewe.

Voorbeelde: Maak 'n lys van alles waarmee jy jou besig hou. Hoeveel tyd spandeer jy aan lof, aanbidding, Bybellees, uitreik na ander, omgee ens.?

Luister na die volgende lied *In Christ Alone (My hope is found)* gesing deur Adrienne Liesching. Maak dit jou temalied vir die week:

<https://www.youtube.com/watch?v=rn9-UNer6MQ>

G: GEBED & SAAMKUIER

Vra vir spesifieke gebedsversoeke. Gee geleentheid vir gebed. Kuier nog bietjie saam 😊



REEKS: 7C's...

KLEINGROEP ONTMOETING 2

#2C = Christ-centered GESPREKSRIGLYNE

(Ds Cor Swart)



ONTHOU...

Die volgende riglyne kan help om moeilike vrae in die gesprek te hanteer asook om saam te groei in ons geloof en verstaan van God:

Christ-centered beteken dat Christus sentraal staan in alles wat ons doen! Wanneer ons bely dat Christus sentraal staan in ons lewe en gemeente, beteken dit die volgende:

1. Ons volg Christus se voorbeeld

In Filippense 2:5 bevestig Paulus dat dieselfde gesindheid in ons moet wees as wat daar in Christus Jesus was. In vers 15 stel hy dit baie mooi: ons moet *ligdraers* in die wêreld wees. Net soos wat Jesus vir ons God se heerlijkheid kom wys het (Heb 1:3), net so moet ons vir die wêreld Christus (en dus God) se heerlijkheid sigbaar maak.

2. Ons vertrou op Christus

Ons kan nie uit ons eie krag Christus se voorbeeld volg nie. In Heb 12:1-2 lees ons dat ons die geloofswedloop met volharding moet hardloop, *“die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.”* Ons geloof hang dus nie van ons eie goeie werke af nie, maar van dit wat Christus reeds vir ons gedoen het, en steeds in en deur ons doen. Om nie geestelik moeg te word nie, moet Christus sentraal staan.

3. Ons hoop op Christus

Ons stel ons hoop op 'n toekoms wat Christus reeds vir ons verseker het. In Heb 10:22-23 lees ons dat ons met volle geloofsekerheid kan nader tot God. Ons kan vashou aan God se beloftes. In 2 Kor 1:19-20 word bevestig dat Christus die vervulling van God se beloftes is. Dit gee vir ons vastigheid (vaste grond) in ons lewens (2 Kor 1:21).

Christus is die Griekse woord vir die Hebreuse Messias. Messias beteken letterlik “gesalfde”. Die Jode verwag dat die Messias sal kom uit die stam van Dawid om hulle te verlos van onderdrukking.

4. Ons loof God deur Christus

As Christus sentraal staan, beteken dit onself is nie meer die middelpunt van alles nie. Christus raak die middelpunt van ons lewens! Die fokus van ons lewens verander volgens Heb 13:15-16 soos volg: *“Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely. Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dít is die offers wat vir God aanneemlik is.”*

Onthou:

Om nie geestelik moeg te word nie, moet Christus sentraal staan in ons lewens!

